Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

# NUWE NORMAAL

## Deel 3 – Gesonde Verhoudings

**1 Tessalonisense 5:23** Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom!

**Galasiërs 6:4-5** Laat elkeen sy eie doen en late ondersoek: as dit goed is, kan hy daarop trots wees sonder om dit met dié van 'n ander te vergelyk. Elkeen sal rekenskap moet gee oor wat hy gedoen het.

**Galasiërs 6:7-8** …Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes. Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes.

## Sade vir Gesonde Verhoudings:

1. Die saad van ________________________ .

**1 Petrus 3:7** Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder.

**1 Petrus 2:17** Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê. Vrees God. Eer die keiser.

**Romeine 12:10(ABA)** …Julle moet eerste wees om ander mense te respekteer.

2. Die saad van ________________________.

**Spreuke 3:3** Moenie dat liefde en trou by jou ontbreek nie; leef daarmee saam, maak dit 'n deel van jou lewe.

**Spreuke 3:3(ABA)** Jy moet altyd doen wat jy belowe het, jy moet jou belofte hou en dit nie verander nie…

**Spreuke 25:19** 'n Seer tand, 'n voet wat meegee, so is dit om in gevaar staat te maak op 'n onbetroubare mens.

**1 Korintiërs 13:7(NLV)** Die liefde bly stil oor ander se foute, dit bly steeds vertrou, dit hou aan met hoop, dit verduur alles.

3. Die saad van _____________________.

**Lukas 17:3-4** Wees dus self op julle hoede. As jou broer verkeerd optree, berispe hom; en as hy berou kry, vergewe hom. Selfs as hy sewe maal op 'n dag verkeerd optree teen jou en sewe maal na jou toe terugkom en sê: 'Ek is jammer,' moet jy hom vergewe."

**Eksodus 34:6-7(NLV)** Ek is die Here. Ek is 'n God wat barmhartig en genadig is. Ek het geduld met mense. Ek is lojaal. Ek bly getrou. Ek bly vol liefde oor al die geslagte…

**Galasiërs 6:9-10** Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel. Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges.

**Alle verse uit AFR83 vertaling behalwe waar anders aangedui.*